# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)**
**BUITELANDS 40c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 204] KAAPSTAD, 30 JUNIE 1982 [No. 8283

CAPE TOWN, 30 JUNE 1982


KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1279. 30 Junie 1982.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 106 van 1982: Wet tot Aanvulling van Pensioene, 1982.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1279. 30 June 1982.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 106 of 1982: Pensions (Supplementary) Act, 1982.

# WET

**Om voorsiening te maak vir sekere pensioene en ander voordele.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 23 Junie 1982.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Toekenning van sekere voordele.

**1.** Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet is elke persoon wat in 'n item van die Bylae as 'n bevoordeelde aangewys word, geregtig op die voordele in daardie item vermeld.

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wet tot Aanvulling van Pensioene, 1982.

## Bylae

1. Daar word, op grond van barmhartigheid, aan Lucienne Amacher, voorheen verbonde aan die Suid-Afrikaanse Ambassade in Brussel, met ingang van 1 April 1982 'n pensioen van R1 464 per jaar toegeken.

2. Die pensioen betaalbaar aan Marjorie E. D. Courtenay-Latimer ingevolge item 3 van die Bylae by die Wet tot Aanvulling van Pensioene, 1981 (Wet No. 115 van 1981), word met ingang van 1 Julie 1982 tot R1 464 per jaar verhoog.

3. Daar word aan T. E. Odell 'n bedrag van R6 587,91 betaal, synde agterstallige militêre pensioen betaalbaar vir die tydperk 8 Januarie 1975 tot 31 Maart 1980.

4. Daar word, op grond van 'n besering opgedoen in die uitvoering van sy pligte, aan I. P. S. Terblanche, voorheen 'n kolonel in die Suid-Afrikaanse Polisie, met ingang van 17 Junie 1980 'n pensioen van R570,96 per jaar betaal, welke pensioen met ingang van 1 April 1981 tot R656,64 per jaar verhoog word.

# ACT

**To provide for certain pensions and other benefits.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 23 June 1982.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**1.** Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, every person indicated as a beneficiary in an item of the Schedule shall be entitled to the benefits specified in that item. *Granting of certain benefits.*

**2.** This Act shall be called the Pensions (Supplementary) Act, 1982. *Short title.*

---

## Schedule

1. There shall be awarded, on compassionate grounds, to Lucienne Amacher, formerly attached to the South African Embassy in Brussels, a pension of R1 464 per annum with effect from 1 April 1982.

2. The pension payable to Marjorie E. D. Courtenay-Latimer in terms of item 3 of the Schedule to the Pensions (Supplementary) Act, 1981 (Act No. 115 of 1981), shall be increased to R1 464 per annum with effect from 1 July 1982.

3. There shall be paid to T. E. Odell an amount of R6 587,91, being arrear military pension payable for the period 8 January 1975 to 31 March 1980.

4. There shall, on account of an injury sustained in the performance of his duties, be paid to I. P. S. Terblanche, formerly a colonel in the South African Police, a pension of R570,96 per annum with effect from 17 June 1980, which pension shall be increased to R656,64 per annum with effect from 1 April 1981.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3318/12 900.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB3318/12 900.